# DIE *MFECANE*. WERKLIKHEID OF MITE?

**H.J. van Aswegen**
*Departement Geskiedenis,*
*Randse Afrikaanse Universiteit, Posbus 524,*
*Johannesburg, 2000*

**The Mfecane. Reality or myth?**

Until quite recently the Mfecane was all but a forgotten factor in S.A. historiography. Textbooks for students and scholars dealt with it as a rather insignificant period of black history centering on the bloodthirsty Shaka. This article deals with the current debate on the Mfecane which has established this event as an important phase of our 19th century history.

The debate deals with the re-interpretation of the Mfecane. For decades the interpretation of Theal, strengthened by Bryant and perpetuated by later more professoinal historians such as Walker, Macmillan and Omer-Cooper, whose work was the first in-depth study of the event, formed the basis of our understanding of the Mfecane. To these historians Shaka and his bloody wars were the cause of the conflicts in Zululand which then spread out to large parts of Southern Africa. The Mfecane was a black revolution in which the whites did not participate at all.

In the 1980's Julian Cobbing dismissed this interpretation completely as a myth created by white settlers and traders for their own advantage and subsequently perpetuated by historians and politicians. Cobbing blames the European slave traders who co-operated with the missionaries and government officials for the conflicts in the interior. His hypothesis was, however, severely criticised for a lack of solid research to substantiate his claims. At the heart of this debate lies the problem of the role of ideology in the writing of history.

Die Mfecane was tot redelik onlangs 'n byna vergete faktor in die S.A.-geskiedskrywing. In handboeke vir geskiedenisstudente en -skoliere is dit meestal slegs as 'n klein stukkie swart geskiedenis met die bloeddorstige Shaka in die middelpunt behandel. Hierdie artikel handel oor die debat wat aan die gang is en as gevolg waarvan die Mfecane 'n sentrale deel van ons geskiedenis van die 19e eeu geword het.

Die debat gaan oor die hervertolking van die Mfecane. Vir dekades lank het die interpretasie van Theal, gesteun deur Bryant en voortgesit deur die meer professionele historici na hulle, o.a. Walker, Macmillan en later Omer-Cooper, wat die eerste volledige studie daarvan gemaak het, die basis van ons insigte oor die gebeure gevorm. Vir hulle was Shaka en sy bloedige oorloë die oorsaak van die konflikte in Zululand vanwaar dit uitgekring het na groot dele van Suider-Afrika. Die Mfecane was 'n swart rewolusie waarby die blankes geen aandeel gehad het nie.

In die 1980's het J. Cobbing die siening totaal verwerp as 'n mite wat deur blanke setlaars en handelaars geskep is tot hulle eie voordeel en dié valse beeld is deur historici en politici verder uitgebou. Cobbing plaas die blaam vir die konflikte in die binneland op die skouers van blanke slawehandelaars wat in samewerking met blanke sendelinge en amptenare die swart gemeenskappe ontwrig het. Sy hipotese het egter felle kritiek gekry omdat dit nie deur deeglike navorsing gesteun word nie. In wese gaan die debat oor die problematiek van ideologie en geskiedskrywing.

Die *Mfecane* was lank 'n vergete en onbekende deel van die Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Skoolhandboeke van sowat twee tot vier dekades gelede het die gebeurtenis of glad nie vermeld nie of kortliks aandag aan Shaka se "uitdelgingsoorloë" gegee sonder om spesifiek die begrippe *Mfecane* of *Difaqane* te gebruik.[1]

Die Afrikaanstalige handboeke vir Geskiedenisstudente aan ons universiteite in dié jare toon ewe-eens hierdie groot leemte. Vir dekades is Afrikaanse studente se kennis en insigte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gebou en gemodelleer deur boeke soos die bekende Van der Walt, Wiid en Geyer en *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*.[2] Eersgenoemde, wat geskryf is met die oog op die feesjaar van 1952 waartydens die driehonderdjarige bestaan van blanke Suid-Afrika gedenk is, wy wel enkele bladsye aan die wreedhede van Shaka en die "mensestorm" wat in die binneland gewoed het, maar gee die gebeure geen naam nie en plaas dit bloot in die konteks van die Groot Trek: 'n Ontvolkte binneland wat meegewerk het tot die sukses van die trekbeweging.

In die eerste uitgawe van die werk van C.F.J. Muller kom die begrip *Difaqane* wel voor, maar in 'n bylaag wat oor die "Inboorlinge van Suid-Afrika" handel. Dit word nie eens in die hoofstuk oor die Groot Trek vermeld nie. Daar word bloot in enkele sinne verwys na "Tsjaka, die swart Napoleon van Suidelike Afrika."[3] In latere uitgawes van hierdie werk is die bylaag oor die "inboorlinge" weggelaat en daarmee het die *Difaqane* ook uit die boek - wat vandag nog as voorgeskrewe werk gebruik word - verdwyn. Vir Afrikanerhistorici van dié dekades het die klem beslis op blanke en veral Afrikanergeskiedenis geval.[4] Die *Mfecane* was nie veel aandag en navorsing werd nie.

Engelstalige historici het veel meer aandag aan die gebeure in die binneland van Suid-Afrika gegee - soos hieronder aangetoon sal word. Maar ook in hulle werke het die *Mfecane* geen besondere aandag ontvang nie en is dit verdwerg deur ander belangriker temas. Eers met die verskyning van J.D. Omer-Cooper se werk *The Zulu aftermath* in 1966 is die belangrikheid van die gebeure in perspektief gestel.

Dit was egter die ingrypende en uitdagende hervertolking van die *Mfecane* deur Julian Cobbing in die tagtigerjare wat die fokus sterk daarop laat val het. Sedertdien het die *Mfecane* 'n sentrale plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en geskiedskrywing verkry en het dit in belangrike opsigte die Groot Trek as 'n sentrale gebeurtenis vervang.

Die doel van hierdie artikel is om eerstens krities te kyk na die meer tradisionele interpretasies van die *Mfecane* vanaf die eerste vollediger beskrywing deur G.M. Theal. Sy werk het in baie opsigte die grondslag gelê vir die "algemeen aanvaarde" interpretasie wat in skoolhandboeke en akademiese vakliteratuur sy neerslag gevind het. Daarna sal Cobbing se herinterpretasie van die *Mfecane* en die kritiek wat daarop uitgespreek is, ontleed word. N.a.v. dié bespreking word enkele belangrike gevolgtrekkings gemaak oor die vraag of die *Mfecane* 'n mite was en of die gebeure werklik plaasgevind het, ook oor wat die Cobbing-debat tot ons kennis van die *Mfecane* en die rol van ideologie in die geskiedenis bygedra het.

---

Enkele voorbeelde is D.J.J. de Villiers e.a., *Geskiedenis vir Senior Sertifikaat* (Kaapstad, g.d. - gebruik in die 50er jare); C. de K. Fowler en G.J.J. Smit, *Geskiedenis vir die Kaaplandse Senior Sertifikaat* (Kaapstad, g.d. - gebruik in die 50er en 60er jare). Lg. werk wy enkele bladsye aan Shaka en die Zulu; F.A. van Jaarsveld, T. van Wijk e.a., *Geïllustreerde geskiedenis vir Senior Sertifikaat* (Johannesburg, 1959); M.C.E. van Schoor, J.J. Oberholster e.a., *Senior geskiedenis vir Suid-Afrikaanse skole* (Kaapstad, g.d.- gebruik in die 70er jare). Lg. werk bevat geen inligting oor die *Mfecane* nie.

2. A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer (reds.), *Geskiedenis van Suid-Afrika*, 2 dele (Kaapstad, 1951); C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis* (Pretoria, 1968).
3. C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar*, p. 126.
4. Sien K. Smith, *The changing past: trends in South African historical writing* (Johannesburg, 1988), pp. 69-89.

Ter opheldering moet die begrippe *Mfecane* en *Difaqane* kortliks verklaar word. Die begrip *Mfecane*, wat in 1928 deur Eric Walker geskep is,[5] beteken letterlik "om te vergruis" en dui op die militêre veldslae van destyds toe gemeenskappe verslaan ("vergruis") is. Dié Zuluwoord is dikwels gebruik om die gebeure in Natal/Zululand aan te dui terwyl die Sothowoord *Difaqane* gebruik is om die onrus en geforseerde migrasie van mense op die binnelandse Hoëveld aan te dui.[6] Die begrip *Mfecane* het mettertyd die mees algemene gebruiksterm geword o.a. omdat dit in dié jare van onrus en geweld reeds deur die swartes gebruik is en ook omdat dit in die Sotho-, Zulu en Xhosataal voorkom.

**Die vroegste besprekings van die *Mfecane*: Theal en Bryant**

Hoewel skrywers soos W.C. Holden en andere[7] reeds voor G.M. Theal die geskiedenis van Natal en die oorloë wat deur Shaka gevoer is, uit 'n tipiese blanke setlaar-gesigspunt beskryf het, was dit Theal se *History of South Africa since 1795*, deel 1 (Londen, 1908) wat die grondslag gelê het vir ons kennis en begrip van die *Mfecane* in die dekades daarna. Vir Theal lê die oorsprong en verloop van die *Mfecane* opgesluit in een persoon, nl. Shaka "one of the most ruthless conquerors the world has ever known".[8] Gebaseer op argivale navorsing, amptelike verslae en getuienis van mense soos F.G. Farewell, J.S. King, H.F. Fynn en N. Isaacs beskryf Theal die opkoms van die Zulukoning; sy klem op militarisme en sy "schemes of conquest on a vast scale".[9]

Theal se weergawe van die Mfecane, soos in twee hoofstukke van sy *History* uiteengesit is, is welbekend. Shaka se aanvalle op die gemeenskappe in Zululand het nie slegs dood en verwoesting in die streek meegebring nie, maar etlike van hulle in beweging gebring: Zwangendaba en Soshangane en hulle "hordes" in Mosambiek en eersgenoemde uiteindelik tot in die huidige Malawi met 'n spoor van verwoesting so ver hulle getrek het. Die Ngwane o.l.v. Matiwane het spoedig gevolg en in hulle vlug "from the Zulu spear" het hulle die Hlubi ontwortel en beide groepe is oor die Drakensberge waar hulle nie alleen met mekaar in voortdurende konflik was nie, maar ook die gemeenskappe in die Transoranje aangeval het.[10] Die gemeenskappe o.a. die Tlokwa o.l.v. Mma Ntatisi, die Phuting, Hlakoane en die Fokeng het op hulle beurt in beweging gekom en die gebied tussen die Caledon- en Vaalrivier verwoes. Volgens Theal het Mma Ntatisi aan die voorpunt van die verwoesting gestaan en aangevul deur oorblyfsels van verskeie verslane gemeenskappe, het die "woman of gigantic stature with a single eye in the middle of her forehead" met haar krygsmagte oor

5. E.A. Walker, *A history of South Africa* (Londen, 1928), p.210. Sien J.B. Peires se bespreking in "Matiwane's road to Mbholompho: A reprieve for the *Mfecane*?", in The '*Mfecane*' aftermath, towards a new paradigm, University of the Witwatersrand, 6-9 September 1991, pp. 44-45. (Na alle referate wat op die konferensie gelewer is, sal voortaan verwys word as TMA, 6-9.9.1991).

6. W.F. Lye, "The *Difaqane*: The Mfecane in the Southern Sotho area, 1822-1824", *Journal of African History*, 8 (1), 1967. Leonard Thompson heg die betekenis van "forced migration" aan die begrip *Difaqane*. Sien M. Wilson en L. Thompson (reds.), *A history of South Africa to 1870* (Kaapstad, 1982), p. 391. Die werk is 'n heruitgawe van die bekende *The Oxford history of South Africa*, deel 1, wat reeds in 1969 gepubliseer is.

7. W.C. Holden, *History of the Colony of Natal* (Londen 1855) en L. Grout, *Zulu-land; or life among the Zulu-Kafirs* (Londen, 1863.)

8. G.M. Theal, *History of South Africa*, vol. 5 (Faksimilee-uitgawe, Struik, Kaapstad, 1964), p. 434. Theal se eerste werke oor Suid-Afrika het reeds in die 1870er jare verskyn.

9. *Ibid.*, p. 437.

10. *Ibid.*, pp. 439-443.

die Vaalrivier getrek en verskeie Tswanagroepe verpletter.[11] Die "horde Mantatees" is uiteindelik in die slag van "Lithako" (Dithakong) in 1823 verslaan.[12]

Intussen het die Hlubi en Ngwane hulle onderlinge vete in die Transoranje voortgesit en groot dele om die Caledon ontvolk en die mense tot kannibalisme gedryf in 'n poging om te oorleef. Die Hlubi is uiteindelik verslaan en Matiwane het nou as een van die sterkste magte in Transoranje na vore getree. Na botsings met die Zulu en Moshweshwe het die Ngwane oor die Oranjerivier beweeg, die Tembu aangeval (1827) en hulle verjaag. Dit het groot onrus op die Kaapse oosgrens veroorsaak en die koloniale owerhede het dadelik troepe na die onrusgebied gestuur.[13]

Militêre optrede was egter nie nodig nie, maar 'n jaar later is sake op die spits gedryf toe 'n groot Zulumag o.l.v. Shaka die gebied binnegeval het. Hoewel die Zulu op hulle pad verwoesting aangerig het, was dit Matiwane se Ngwane wat die Tembu bedreig het en wat op 27 Augustus 1828 deur die Tembu met behulp van koloniale troepe verslaan is.[14] Die Ngwane is verpletter, maar dié gebeure het die Pondo, die Tembu en die Xhosa duur te staan gekom.

Volgens Theal is die grootste verwoesting tydens die *Mfecane* deur Mzilikazi, wat van Shaka weggebreek het, aangerig. Hy het met 'n relatief klein militêre mag vanuit sy vestings die gemeenskappe in die Transvaal aangeval en diegene wat hy nie by sy groep geïnkorporeer het nie, is voor die voet om die lewe gebring.[15]

Theal se weergawe van die *Mfecane* - hy gebruik nooit hierdie benaming òf die begrip *Difaqane* nie — is hoofsaaklik beskrywend. Daar is vir hom net een oorsaak van die gebeure nl. Shaka se militarisme wat 'n golfbeweging van geweld en verwoesting oor Suider-Afrika aan die gang gesit het. Waar andere soos Holden bloot 'n Natal-perspektief op Shaka se militêre veldtogte gehad het, plaas Theal die swart krygsman se optrede dus in 'n breër Suider-Afrika konteks.

Ook in sy bespreking van die gevolge van die *Mfecane* is hy nie besonder ontledend nie. Hy lê besondere klem op die algehele verwoesting van streke en die verlies van menselewens - bykans tweemiljoen volgens sy skatting. Een van die belangrike gevolge wat hy aandui, is die hergroepering wat die *Mfecane* onder die swart gemeenskappe meegebring het en die vorming van nuwe gemeenskappe soos die Pedi, Basuto en andere.

Theal sien en behandel die *Mfecane* as 'n fase in die geskiedenis van die swartes - geheel en al los van die ontwikkelende blanke kolonie aan die Kaap behalwe in so verre dit 'n probleem of bedreiging vir lg. ingehou het. Tipies in die gees van die vroeëre geskiedskrywing tipeer hy Shaka en die ander swart leiers en gemeenskappe as vegtende barbare en hordes en sien hy die Europese sendelinge as ligpunte van die beskawing in donker Afrika. Daar is vir hom ook geen verband tussen die *Mfecane* en die Groot Trek nie en lg. gebeurtenis kry veel meer aandag in sy werk as die "terrible destruction of Bantu tribes during the early years of the nineteenth century".[16]

In teenstelling met Theal se breër Afrika-perspektief het A.T. Bryant in sy werke op Natal gekonsentreer en 'n meer plaaslike karakter daaraan gegee.[17] Gebaseer o.a. op mondelinge getuienis wat hy onder die swartes ingewin het, verdeel Bryant die vroeë geskiedenis van Natal in verskeie fases waarvan die tydperk na 1810 (derde fase) in die teken staan van die opkoms van die magtige

---

11. *Ibid.*, pp. 442-445.
12. Theal se weergawe van die gebeure is verkeerd. Sien M. How, "An alibi for Mma Ntatisi", *African Studies*, 13 (2), 1954.
13. G.M. Theal, *History*, pp. 451-453.
14. *Ibid.*, pp. 453-454.
15. *Ibid.*, pp. 454-456.
16. *Ibid.*, p. 428. Sien ook C. Saunders, "Cobbing and the historians", TMA 6-9.9.1991, pp. 4-5 en J. Cobbing, "The *Mfecane* as alibi: Thoughts on Dithakong and Mbolompo", *Journal of African History*, 29, 1988, pp. 490-492.
17. Bryant se bekendste werk is sy *Olden times in Zululand and Natal* (Londen, 1929).

Zuluryk, oorlog, verwoesting en die ontvolking van Natal. Eers met die koms van die Britse setlaars het beskawing weer na die gebied teruggekeer.

Hoewel Bryant na militêre aksies voor Shaka se opkoms verwys, sien hy die optrede van die Zulukryger en -despoot as dié oorsaak van al die oorloë en verwoesting in Natal asook vir die migrasie van verskeie gemeenskappe dieper die binneland in. Deurdat hy op die geskiedenis van elk van die Nguni-gemeenskappe konsentreer, word die rol van Shaka verder beklemtoon omdat Shaka die meeste van die groepe onderwerp het.[18] Byant se weergawe van die *Mfecane* het dié van Theal versterk en latere geskiedskrywers beïnvloed om ook 'n enkelvoudige oorsaak vir die *Mfecane* - Shaka - te aanvaar.

## 2. E.A. Walker en W.M. Macmillan: 'n meer wetenskaplike benadering

Hoewel Eric Walker en W.M. Macmillan as die eerste professionele historici beskou kan word wat oor die *Mfecane* geskryf het, het nie een van hulle diepgaande nuwe navorsing oor die tema gedoen nie. In baie opsigte het hulle weergawes berus op die werk van Theal, maar in beide gevalle het hulle Theal se weergawe krities benader en nuwe gedagtes rondom die gebeure na vore gebring.

Walker gee in sy *History of South Africa* (Londen, 1928) relatief min aandag aan die *Mfecane* - net meer as 'n bladsy - en soos in die geval van Theal word dit nie geïntegreer as deel van die ontplooiende Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. Dit word bloot as geïsoleerde gebeure in die binneland behandel, hoewel Walker dit kortliks in verband met die Groot Trek bring. Hy wys nl. daarop dat die *Mfecane* die binneland oopgelaat en die besetting daarvan deur die Voortrekkers vergemaklik het.[19] Hy is wel krities teenoor Theal se behandeling van die slag van Dithakong en bevraagteken Theal se onbewese aannames oor die groot verwoesting wat plaasgevind het, maar aanvaar sy weergawe van Shaka as die enigste oorsaak vir die *Mfecane*.[20]

William Macmillan is in sy evaluering van die *Mfecane* sterk beïnvloed deur Theal en G. Cory. Hy skryf ook van die "Chaka wars" en van 'n periode van "unsettlement and of 'perpetual war'" asook van "wave upon wave of refugees flying or plundering over the plains beyond".[21] Shaka speel in Macmillan se weergawe dus ook 'n sentrale rol in die gebeure.

As liberale geskiedskrywer is Macmillan in verskeie opsigte egter krities teenoor Theal se benadering. Hy verwerp die idee dat die swart gemeenskappe inherent vyandig en gewelddadig teenoor mekaar was; hy sien nie die oorloë op die Hoëveld as die werk van Shaka self nie en hy interpreteer ook nie die uitwerking van die *Difaqane* in die streek as totaal verwoestend nie. Inteendeel, die herverspreiding van mense en gemeenskappe het, volgens Macmillan, bygedra tot die toename in bevolking van die relatief yl bevolkte Hoëveld. Hy bevraagteken ook die mag en barbaarsheid van Mzilikazi en sien hom eerder as 'n "fugitive in terror of enemies" as 'n "all-conquering tyrant".[22]

In een kernbelangrike opsig het Macmillan van sy voorgangers verskil: hy sien 'n duidelike verband tussen blanke koloniale uitbreiding en die *Mfecane*. Die oosgrensoorloë moes volgens hom

18. Sien J. Wright en J. Cobbing, "The *Mfecane*: Beginning the inquest" (ongepub. referaat, African Studies Institute, Universiteit van die Witwatersrand, 1988), pp. 10-11.
19. E.A. Walker, *A history of Southern Africa* (Londen, 1957), p. 203. In sy *The Great Trek* (Londen, 1948) verwys hy glad nie na die *Mfecane* nie. Sien C. Saunders, "Cobbing and the historians", pp. 8-9.
20. E.A. Walker, *A history* (1957), pp. 175-176.
21. W.M. Macmillan, *Bantu, Boer and Briton* (Londen, 1963), pp. 30-32. Die eerste uitgawe van die werk was in 1929.
22. *Ibid.*, pp. 29 en 31-34.

beslis 'n invloed op die binnelandse stamme gehad het hoewel hy dit nie duidelik kan aantoon nie.[23] Macmillan kyk ook na die "slave trade as a factor in producing so much war and tumult" en verwys na die slawehandel in die binneland van Suider-Afrika wat Delagoabaai as afset- en uitvoerpunt gebruik het. Gebaseer op die getuienis van dr. J. Philip wys hy ook op die destabiliserende rol wat vroeë Britse setlaars in Natal, o.a. F.G. Farewell, op die swart gemeenskappe gehad het.[24] Macmillan brei nie veel op die "koloniale oorsake" van die *Mfecane* uit nie - die *Mfecane* is nie die sentrale tema wat hy ondersoek nie - maar breek duidelik weg van die meer simplistiese benadering van Theal en andere wat Shaka as die enigste oorsaak gesien het.

## 3. J.D. Omer-Cooper en sy navolgers

In die loop van die sestigerjare, toe die proses van dekolonisasie in Afrika reeds ver gevorder het, het historici hul Eurosentriese benadering tot die geskiedenis van die kontinent en sy mense laat vaar. 'n Nuwe geslag Afrika-historici het na vore getree en hoewel van hulle werk sterk nasionalistiese neigings getoon het, en van hulle geneig was om te romantiseer, is die geskiedenis van Afrika grondig hersien en het die swart gemeenskappe 'n sentrale plek in die nuwe geskiedenis beklee.[25]

J.D. Omer-Cooper se werk, *The Zulu aftermath. A nineteenth-century revolution in Bantu Africa* (Londen, 1966), is 'n goeie voorbeeld van die nuwe geskiedskrywing. Die werk beklee 'n sentrale plek in die *Mfecane*-geskiedskrywing omdat dit die eerste werklike diepgaande en omvattende studie oor die gebeure is. Omer-Cooper het goeie argivale navorsing gedoen - nie in Suid-Afrika nie - en veral 'n grondige studie gemaak van sendelingdokumente en boeke, asook verslae van handelaars en reisigers wat ten tye van die *Mfecane* in die binneland van Suid-Afrika was.

Hoewel veel vollediger en omvattender as Theal se weergawe, verskil *The Zulu aftermath* nie baie ingrypend van eg. nie. Andersyds egter is dit duidelik dat 'n wetenskaplike historikus hier aan die woord is met 'n veel meer genuanseerde en beredeneerde weergawe. Dit is ook aan hierdie werk te danke dat die begrip *Mfecane* nou die algemeen aanvaarde benaming vir die gebeure in die wetenskaplike literatuur geword het. Omer-Cooper omskryf *Mfecane* as 'n Nguniwoord wat gebruik is vir die oorloë en ontwrigting wat met die opkoms van die Zulukoninkryk gepaard gegaan het.[26]

In sy bespreking van die ontstaan en uitbreiding van die *Mfecane* konsentreer hy ook op die opkoms van die Zulu onder Shaka. Hy beklemtoon wel die konflik tussen Ngunigemeenskappe en leiers nog vóór die opkoms van Shaka, maar sien Shaka se oorwinning oor die Ndwandwe o.l.v. Zwide as "a turning point ... in the whole history of the *Mfecane*."[27] Die keerpunt dui op Shaka se aggressiewe militêre optrede en die onderwerping en inkorporering van die ander Ngunigemeenskappe in die Zulukoninkryk. Dit was hierdie optrede van Shaka wat ander groepe in beweging gebring en die konflik en verwoesting oor Suider-Afrika laat spoel het. Omer-Cooper grawe egter dieper en dui aan dat 'n sterk bevolkingsgroei in Zululand en Natal die kompetisie om weiveld en landbougrond verskerp en tot konflik aanleiding gegee het. Die kragte het tot die ontstaan van groot magsblokke gelei en gepaard met die "rewolusie" in militêre organisasie, was die *Mfecane* haas onafwendbaar.[28] Van die middeldpunt in Natal het dit uitgekring tot oor groot dele van Suider-

---

23. *Ibid.*, pp. 35-36.
24. *Ibid.*, pp. 36-37. Sien ook C. Saunders, "Cobbing and the historians", pp. 10-11 en J. Cobbing, "The *Mfecane* as alibi", p. 489.
25. H.J. van Aswegen, *Afrikageskiedskrywing: 'n terreinverkenning* (RAU-publikasiereeks A116, 1980), pp. 10-17.
26. J.D. Omer-Cooper, *The Zulu aftermath*, p.5, vn. 1.
27. *Ibid.*, p. 33. Sien ook J.D. Omer-Cooper, "Has the *Mfecane* a future?", TMA, 6-9.9.1991, pp. 2-3.
28. J.D. Omer-Cooper, *The Zulu aftermath*, pp. 24-27.

Afrika. Soos Theal sien Omer-Cooper dus die gebeure as een groot eenheid en as uitsluitlik 'n swart rewolusie waarby blankes glad nie - of hoogstens periferaal - betrokke was nie.[29]

*The Zulu aftermath* is egter 'n veel meer genuanseerde en wetenskaplik verantwoorde werk as dié van Theal. Nie alleen het Omer-Cooper t.o.v. spesifieke aangeleenthede soos o.a. die slag van Dithakong regstellings gemaak nie, maar die konseptuele raamwerk waarbinne hy die *Mfecane* benader, verskil hemelsbreed van Theal se benadering. Omer-Cooper sien nie die gebeure bloot as bloedige oorloë en verwoesting deur barbare nie, maar as 'n positiewe proses van politieke en staatkundige verandering. Sy een sentrale tema is dan ook die ontwikkeling van nuwe state waarin hy die skeppingsvermoë en aanpasbaarheid van Afrikaleiers onder druk van veranderende omstandighede aantoon. Uit dié hoek gesien, beklemtoon hy dan ook die "major impact" wat die *Mfecane* op die geskiedenis van Suid-, Sentraal- en Oos-Afrika gehad het. Van die state wat ontstaan het, bestaan tot vandag nog en is tans onafhanklike internasionaal-erkende gebiede (Swaziland en Lesotho).[30]

Omer-Cooper sien ook nie die "ontvolking" van die binneland in dieselfde absolute terme as Theal nie. Lewensverlies was wel groot, maar mense is bloot tydelik ontwortel en verdryf. Dit het 'n gaping vir die Voortrekkers gelaat, maar tydens die Groot Trek het duisende reeds na hulle oorspronklike wonings teruggekeer.[31]

*The Zulu aftermath* het dadelik dié gesaghebbende werk oor die *Mfecane* geword en is deur verskeie historici in die jare daarna as basis vir hulle beskouinge oor die gebeure gebruik. Sy werk is ook geleidelik aangevul deur nuwe navorsing oor dié geskiedenis van die binneland van Suid-Afrika wat heelwat meer detailkennis opgelewer en tot sekere regstellings gelei het.

Die belangrikste werk in die sestigerjare was dié van W.F. Lye wat in sy doktorale proefskrif oor die *Difaqane* in die Transoranje, veral die omstreke van die Caledon- en Vaalrivier, gewerk het.[32] As Afrikahistorikus is Lye krities teenoor die ouer garde blanksentriese historici en sy grondige navorsing stel hom in staat om heelwat foute in hulle werke reg te stel.[33] Hy maak egter geen diepgaande studie van die oorsake van die *Mfecane* nie en sien dit ook as die werk van Shaka wat 'n kettingreaksie aan die gang gesit het. Lye toon ook aan dat daar voor die *Mfecane* reeds konflik onder die Sothogemeenskappe was, maar dat dit nie 'n groot omvang aangeneem het nie. Die invalle van die Hlubi en Ngwane het die *Mfecane* in die gebied aan die gang gesit.[34]

Hoewel Lye ook klem lê op die dood en verwoesting wat die *Mfecane* in die gebied aangerig het, verwerp hy op grond van sy navorsing die standpunt van Theal dat die gebied ontvolk is. Nie alle nie, maar slegs enkele gemeenskappe is vernietig - die res is tydelik ontwortel en het hulle op veiliger plekke gaan hervestig. Hulle het ook nie almal aan roof- en plundertogte deelgeneem nie, maar 'n verskeidenheid van metodes gevind om aan die lewe te bly. Alliansies tussen kleiner kapteinskappe het hulle ook versterk teen moontlike aanvalle deur plunderaars. In enkele gevalle het

---

29. *Ibid.*, pp. 168-170; J. Cobbing, "The *Mfecane* as alibi", pp. 487-488.

30. Dié tema is sentraal in die hele boek van Omer-Cooper. Sien veral pp. 168-182. Sien ook sy werk "Aspects of political change in the nineteenth-century *Mfecane*", in L. Thompson (red.), *African societies in Southern Africa* (Londen, 1969), pp. 207-229.

31. *Ibid.*, pp. 174-177.

32. W.F. Lye, *The Difaqane: The Sotho Wars in the interior of South Africa, 1822-1837* (Ongepub. D.Phil. proefskrif Universiteit van Kalifornië, 1969). Sien ook sy reeds vermelde artikel "The *Difaqane*: The *Mfecane* in the Southern Sotho Area, 1822-24", asook "The distribution of the Sotho peoples after the *Difaqane*", in L. Thompson (red.), *African societies in Southern Africa*, pp. 191-206 en "The Ndebele Kingdom South of the Limpopo River", *Journal of African History*, X, 1969.

33. W.F. Lye, "The *Difaqane*", pp. 108-114.

34. *Ibid.*, pp. 117-118.

die optrede van sendelinge meegehelp om stabiliteit vir gemeenskappe te skep.[35] Lye gee dus 'n veel meer genuanseerde beeld van die gebeure in Transoranje as Theal en sy naskrywers.

In 1969 het die welbekende *Oxford history of South Africa*, deel 1, verskyn wat in sekere opsigte 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse historiografie was. Leonard Thompson het die afdeling oor "The *Difaqane* and its Aftermath 1822-1836"geskryf, asook die hoofstuk wat oor die Zulukoninkryk handel. Hy is skerp krities teenoor die blanke bronne soos Fynn, Bryant, sendelingverslae e.a. wat baie "deficiencies" bevat omdat hulle oor "alien societies" skryf. Ook Theal se weergawe van die *Mfecane* word verwerp as "unreliable and biased".[36]

Nieteenstaande sy kritiese instelling is Thompson se weergawe van die *Mfecane* slegs ten dele nuut en oorwegend in ooreenstemming met die ou "aanvaarde" weergawe. Hy analiseer die oorsake van die gebeure baie ligweg en weeg vier moontlikhede op, nl. die rol van individuele leiers soos Dingiswayo en Shaka; die invloed van blankes op die sosiale en militêre organisasie van die Nguni; die handel in ivoor en vee met die Portugese in Delagoabaai en bevolkingstoename en -druk.[37] Die blanke invloed verwerp hy; die rol van leiers skaal hy af, maar gaan dan tog voort om die ontplooiing van die *Mfecane* rondom Dingiswayo en veral Shaka te bou. "The rise of the Zulu kingdom" - d.w.s. die gebeure in Natal (episentrum) - het oorgespoel tot diep in suider-Afrika en die Kaapkolonie.[38] M.a.w. Thompson hou ook steeds vas aan die uitkringeffek van Shaka se optrede. Hy sien ook die gebeure as interne swart geskiedenis waarin die blankes geen rol speel nie. Die klem val ook op die ontwrigting en verwoesting wat in die jare van "geforseerde migrasie" aangerig is.

Sy werk is oor die algemeen baie beskrywend en hy probeer nie, soos Omer-Cooper, om die aard en gevolge van die *Mfecane* te ontleed nie. Hy maak ook geen spesifieke melding van die invloed van die *Mfecane* op die Groot Trek nie en vermy - moontlik doelbewus - 'n bespreking van die probleem van 'n "oop binneland". Ook in sy latere werk oor Suid-Afrika het Thompson niks nuuts oor dié gebeure gelewer nie. Hy verwerp die moontlike invloed van blanke slawehandelaars - soos deur Cobbing uiteengesit - geheel en al.[39]

Die Omer-Cooper-weergawe van die *Mfecane*, aangevul deur nuwe inligting oor die handel in ivoor, vee en wapens deur Delagoabaai en oor gebeure op die Hoëveld - veral die rol van Mzilikazi in Transvaal asook oor die ekologiese krisis wat Natal vroeg in die negentiende eeu getref en tot die groot sosiale en politieke veranderinge daar gelei het, het die standaard interpretasie in die sewentiger- en tagtigerjare geword.[40] Ook in die uitstekende oorsigswerk van P. Maylam, *A history of the African people of South Africa: from the Early Iron Age to the 1970s* (Kaapstad, 1986) word grootliks op dié interpretasie gesteun. Maylam se werk onderskei hom egter van die ander deurdat hy kennis geneem het van die nuutste navorsing op die gebied en dat hy dit sorgvuldig opweeg. Hy het ook Cobbing se kritiese werk oor die *Mfecane* onder oë gehad, maar na versigtige beredenering verwerp hy dit.[41]

In dié tyd het die Afrikaanstalige historici, onder invloed van die nuwe meer Afrosentries georiënteerde geskiedskrywing, ook aan die *Mfecane* aandag begin gee. F.A. van Jaarsveld het die gebeure in enkele bladsye bespreek en ook die klem op die Shaka-oorloë en die uitkringeffek geplaas.

---

35. W.F. Lye, "The distribution", pp. 192-201.
36. M. Wilson en L. Thompson (reds.), *A history of South Africa to 1870* (Heruitgawe van die *OHSA*, 1, Kaapstad, 1982), pp. 338-340 en 392-393.
37. *Ibid.*, pp. 337-341.
38. *Ibid.*, pp. 341-345 e.v.
39. L. Thompson, *A history of South Africa* (Yale University Press, 1990), pp. 80-87.
40. Sien o.a. T.R.H. Davenport, *South Africa: a modern history* (Johannesburg, 1977 en latere uitgawes); T. Cameron en S.B. Spies, *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika in woord en beeld* (Kaapstad, 1986), pp. 115-126 en J.D. Omer-Cooper, *History of Southern Africa* (Londen, 1987); S. Marks en A. Atmore (reds.): *Economy and society in pre-industrial South Africa* (Londen, 1980), pp. 14-15 en 102-119 (hfst. deur Jeff Guy).
41. Maylam behandel die werk op pp. 25-32 en 54-63.

Hy trek 'n direkte verband tussen die Groot Trek en die *Mfecane*: Die Voortrekkers het nl. in 'n leë binneland ingetrek. Nie alleen het die *Mfecane* bygedra tot die sukses van die Groot Trek nie, maar dit het ook langtermyngevolge in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gehad. Die oorloë het nl. tot 'n nuwe swart statepatroon gelei wat soos 'n hoefyster in die binneland geleë was en wat die basis van die latere swart tuislande sou vorm.[42]

Nog sterker op die Groot Trek gerig, is C.F.J. Muller se behandeling van die *Mfecane* in sy omvangryke werk oor *Die oorsprong van die Groot Trek* (Kaapstad, 1974). Hoewel Muller die oorsake en gevolge van die gebeure versigtig-krities benader, twyfel hy nie oor die invloed van die *Mfecane* op die Groot Trek nie. Enersyds het dit, a.g.v. die instroming van duisende swartes in die oosgrensdistrikte, bygedra tot die trek en andersyds, a.g.v. die ontvolking van die binneland, het dit ruimte geskep vir blanke emigrasie. Die snelle toename in die getalle van die wilde diere a.g.v. die ontvolking was, volgens hom, o.a. 'n groot aantrekkingskrag vir jagters, reisigers, trekboere e.a. Daarby het die Groot Trek meegehelp om die *Mfecane* te beëindig en groter stabiliteit vir talle kleiner swart gemeenskappe te skep.[43]

In sy algemene werk oor die *Geskiedenis van Suid-Afrika tot 1854* (Pretoria, 1989) volg H.J. van Aswegen ook die ou gebaande weg. Daar word wel na die proses van verandering in Zululand voor Shaka se opkoms gekyk, maar dié kryger se oorloë was ook vir hierdie skrywer die motor wat die *Mfecane* aan die gang gesit en voort laat stu het. Daar word in die werk wel deeglik kennis geneem van Cobbing se verwerping van die *Mfecane*, maar geen analise word van lg. se werk gemaak nie.[44]

## 4. J. Cobbing: die herinterpretasie van die *Mfecane*

In die loop van die tagtigerjare het Julian Cobbing met 'n uitdagende en grondige herintepretasie van die *Mfecane* na vore gekom. Omdat hy sy standpunte rondom die gebeure nie dadelik gepubliseer het nie, maar vanaf 1983 tot 1988 by wyse van ongepubliseerde seminare en referate voor relatief beperkte gehore gestel het[45] - dikwels sonder bronneverwysings en ook met beperkinge op die gebruik van sy stof omdat dit "provisional studies" was - het dit etlike jare geneem voordat Cobbing se verwerping van die ou interpretasie deel geword het van 'n groter debat rondom die *Mfecane*. Eers in 1988 het sy "The *Mfecane* as alibi: thoughts on Dithakong and Mbolompo" in die *Journal of African history*, 29 verskyn en kon historici op sy standpunte begin reageer. Selfs daarna het Cobbing verkies om d.m.v. ongepubliseerde seminare sy standpunte te verkondig. Ook diegene soos John Wright wat sy interpretasie gesteun en verder probeer uitbou het, het relatief min gepubliseer[46] en ook hul gedagtes by wyse van seminare bekendgestel.

Desnieteenstaande het Cobbing se ingrypende nuwe interpretasie al hoe meer reaksie begin uitlok en uiteindelik gelei tot 'n *Mfecane*-konferensie wat deur Carolyn Hamilton van die Universiteit van die Witwatersrand vanaf 6-9 September 1991 gereël is. By dié geleentheid kon Cobbing sy standpunte verdedig en op grond van talle referate en die nuutste navorsing is grondig oor die *Mfecane* en die plek daarvan in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gedebatteer.

---

42. F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652-1966*. (Johannesburg, 1971 asook die latere uitgawes).
43. Sien pp. 69-83, 90-135 en 384 van Muller se werk.
44. H.J. van Aswegen, *Geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 58-61 en 245-253.
45. Die seminare is: "The case against the *Mfecane*" (UK, 1983); "The case against the *Mfecane*" (UW, 1984); "The myth of the *Mfecane*" (UDW, 1987) en "Jettisoning the *Mfecane* (with Perestroika)", UW Augustus, 1988.
46. Latere seminare van Cobbing: "Grasping the nettle: the slave trade and the early Zulu" (UN, Pietermaritzburg, 1990); "Rethinking the roots of violence in Southern Africa c.1790-1840" (1991) en "Ousting the *Mfecane*: reply to Elizabeth Eldredge" (TMA, 6-9.9.1991). Sien ook J. Wright, "Political mythology and the making of Natal's *Mfecane*" (UW, 1984) wat later in *The Canadian Journal of African Studies*, 23(2), 1989 verskyn het.

Cobbing verwerp die *Mfecane* as begrip, d.w.s. die benaming, asook die konsep omdat dit, volgens hom, 'n mite is. "The core misrepresentations of 'the *Mfecane*' are thereby revealed; the term, and the concept, should be abandoned."[47] John Wright skryf: "From this perspective the notion of the *Mfecane* is nothing but interest-serving myth. Historians, Cobbing argues, urgently need to abandon not just the term itself, but the whole set of interlinked assumptions distortions and falsehoods which it embodies".[48]

Volgens Cobbing het die *Mfecane* nooit plaasgevind nie. Hoewel daar in Natal en in die binneland van Suid-Afrika teen die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu wel konflik tussen die swart gemeenskappe voorgekom het, is dit nie deur Shaka veroorsaak nie; was daar geen sprake van 'n uitkringeffek oor die hele Suider-Afrika nie, en was die gebeure geensins interne swart rewolusie nie. Hy verwerp die interpretasie as blatante "Afrocentricism", "Zulucentricity" en "nonsense". Ook die idee van 'n ontvolkte binneland en swart state wat soos 'n hoefyster geleë was en die latere tuislande geword het, verwerp hy met minagting.[49]

Cobbing beskou die interpretasie as 'n mite, 'n uitgebreide alibi wat oor jare deur blankes (setlaars, kapitaliste) opgebou is om hulle besetting van swart grond en verkryging van swart arbeid (slawe) in die jare van die sg. *Mfecane* te regverdig. In die twintigste eeu is dit gebruik as basis vir die apartheidsbeleid en die verdeling van die land in wit en aparte swart gebiede.[50]

Die blaam vir die oorsprong van dié mite word vierkant op die skouers van "settler propagandists" soos Fynn, Chase en Godlonton geplaas, terwyl Theal, Bryant, Ellenberger e.a. verdoem word vir die uitbouing en voortsetting daarvan o.a. deur die selektiewe gebruik en selfs die fabrikasie van getuienis. Insgelyks word Omer-Cooper en die *Oxford history* (1969) gekritiseer omdat hulle die ou en verwerplike interpretasie gesteun en akademiese aansien daaraan verleen het.[51] Die feit dat die huidige geslag historici nie die verband tussen die "*Mfecane*" en die tuislandbeleid van Verwoerd, Vorster en Botha raakgesien en gekritiseer het nie, strek volgens Cobbing, beslis nie tot hulle eer nie. Hy takel die historici ook omdat hulle aannames maak, propaganda perpetueer en valshede verkondig sonder deeglike navorsing terwyl daar 'n magdom van "easily available evidence" bestaan.[52]

In die plek van die "ou interpretasie" gee Cobbing 'n totaal nuwe weergawe van die gebeure in Natal en die binneland van Suid-Afrika. Die oorsake van die konflik was volgens hom die druk van toenemende blanke kolonialisme in die binneland van Suid-Afrika en veral die toenemende slawehandel om die behoefte aan swart arbeid in die Kaapkolonie en die buiteland te bevredig. Die druk deur kolonialiste/slawehandelaars het gelyktydig op verskeie fronte onrus, konflik en verwoesting meegebring, nl. by Delagoabaai en sy hinterland, die Transoranje en aanliggende Griekwagebied oorkant die Vaalrivier, en die Kaapse oosgrensgebied.[53] Die eerste twee fronte, waarby die derde ingetrek is, was egter die twee kerngebiede van konflik in die tyd.

Dit was, aldus Cobbing, die skaarste aan swart arbeiders in die Kaapkolonie en die groot aanvraag deur die blankes na swart arbeid, veral na die koms van die Britse setlaars in 1820, wat die konflik in Transoranje en die aangrensende Griekwagebied aan die gang gesit het. Cobbing beskryf die Griekwas, die Bergenaars, Kora en Taung as die groot slawebuiters - van tyd tot tyd ondersteun deur die sendelinge o.a. Moffat - wat ten nouste met die Kaapkolonie meegewerk het in die voorsiening van groot hoeveelhede "Mantatees" (volgens Cobbing 'n eufemistiese naam wat deur die

---

47. J. Cobbing, "The *Mfecane* as alibi", p. 519.
48. J. Wright, "Political mythology", p. 2; Cobbing, "Ousting the *Mfecane*," pp. 1-2.
49. Cobbing, "The *Mfecane* as alibi", pp. 487-489 en 517 en "Jettisoning the *Mfecane*", pp. 1-3.
50. Cobbing, "Jettisoning", pp. 1-4 en "Ousting", pp. 3-4.
51. Cobbing, "Jettisoning", pp. 2-4 en "Alibi", pp. 487, 490-492 en 519.
52. Cobbing, "Jettisoning", pp. 4-5.
53. *Ibid.*, pp. 7-8 en "Alibi", pp. 492-497.

blankes gebruik is om swart slawe aan te dui) as wettige arbeiders vir die blanke boere. Die slag van Dithakong op 25 en 26 Junie 1823 was niks anders as so 'n slawestrooptog o.l.v. Moffat en Melvill nie. Aanvanklik was die strooptogte onbeplan en willekeurig, maar vanaf 1820 het dit ontwikkel tot sistematiese rooftogte oor 'n groot gebied. Dit het die verwoesting in dié gebied meegebring en nie die inval van die Zulu vanuit Natal nie.[54]

Gelyktydig met die eskalerende slawehandel in die binneland, het die Portugese slawehandel by Delagoabaai toegeneem en daar 'n tweede episentrum van konflik en verplasing van swart gemeenskappe geskep, aldus Cobbing.[55] Gebaseer o.a. op die navorsing van D.W. Hedges en P. Harries asook die werk van P. Bonner[56] bou Cobbing 'n saak op dat Portugese slawehandelaars, wat lank reeds in Delagoabaai bedrywig was, na 1815 hul bedrywighede aansienlik verskerp het. Dit hang saam met die goot vraag na suiker na afloop van die Napoleontiese oorloë en die gepaardgaande vergrote aanvraag na arbeid. Omdat die Britte in die tyd die Portugese slawehandel elders ernstig belemmer het, het hulle hul nou op Delagoabaai toegespits. Vanaf 1818 het die uitvoer van slawe deur die hawe skerp toegeneem. Die slawehandel, toegespits op die inwoners tussen die Limpopo en Umfolozirivier tot diep in die binneland, het met die toenemende vee en ivoorhandel, verwoesting in die gebied meegebring. Dit was veral die Pongolavallei wat erg deurgeloop het. Die druk en ontwrigting het die Mthethwa en die Ndwandwe in beweging gebring en hulle het die Ngwane aangeval nog voordat Shaka koning van die Zulu geword het.[57]

Cobbing maak in sy uiteensetting dus drie belangrike punte, nl. dat die *Mfecane* voor die opkoms van die Zulu begin het; dat dit nie in Zululand nie, maar verder noord begin het en dat Portugese slawehandelaars dit veroorsaak het en nie swartes (die Zulu, d.w.s. Shaka) nie. Hy sien wel in die gebeure 'n "kettingreaksie" van konflik en beweging waardeur die Hlubi en Ngwane o.l.v. Matiwane oor die Drakensberg gedryf word, maar is van mening dat die verwoesting wat hulle in Transoranje aangerig het, totaal oordryf word.[58] Die Ngwane is ook nie uit die gebied verdryf deur Zulu- en Ndebele-aanvalle nie, maar Cobbing se hipotese is dat die Griekwas deur hulle slawerooftogte Matiwane en sy volgelinge na die Transkei laat vlug het.[59]

Dit was hier waar die Ngwane hulle vasgeloop het, aldus Cobbing, in die slawehandelaars van die Kaapkolonie. Die slag van Mbolompo (27 Augustus 1828) waartydens die Ngwane totaal verslaan is, was in sy oë niks anders as 'n slawestrooptog deur die Britte nie. Sy standpunt is dat goewerneur Bourke, gretig om die Kaap van swart arbeid te voorsien, net na die proklamasie van Ordonnansie 49 van 1828, die gerugte dat die Zulu die oosgrensgebied binnegeval het as 'n goeie verskoning en geleentheid gesien het om 'n aanval op die Ngwane te loods om arbeiders buit te maak.[60] Dit is met een van die grootste militêre magte wat nog in Afrika gesien is op 'n bloedige wyse uitgevoer.

Vir Cobbing is daar 'n noue verband tussen die gebeure in Transoranje, by Delagoabaai en die Kaapse oosgrens. Dit was alles die werk van imperialiste/kapitaliste om swart arbeid deur geweld te verkry. Die swartes was soos visse vasgevang in 'n groot net.[61] Deur die gebeure in 'n groter teoretiese raamwerk van opkomende en uitbuitende Europese kapitalisme en kolonialisme te plaas,

---

54. Cobbing, "Ousting", pp. 22-31 en "Alibi", pp.492-500. Sien Guy Hartley, "The battle of Dithakong and '*Mfecane*' Theory (TMA, 6-9 September 1991) vir 'n goeie analise van die gebeure.
55. Cobbing, "Alibi", pp. 503-507.
56. Die werke is: D.W. Hedges, *Trade and politics in Southern Mozambique in the eighteenth and nineteenth centuries* (Ph.D, Universiteit van Londen, 1978); P. Harries *Labour migration from Mozambique to South Africa, with special reference to the Delagoa Bay hinterland, c. 1862-1897* (Ph. D., Universisteit van Londen, 1983); P. Bonner, *Kings, commoners and concessionaires* (Cambridge, 1982).
57. Cobbing, "Alibi", pp. 503-507 en "Ousting", pp. 6-22.
58. Cobbing, "Alibi", pp. 507-508.
59. *Ibid.*
60. *Ibid.*, pp. 501-503.
61. *Ibid.*, p. 509.

verskuif hy dus die klem van die vroeëre interpretasie van die *Mfecane* as bloot 'n interne Afrikagebeurtenis beperk tot die swartes (d.w.s. Afrosentrisme) geheel en al na dié van 'n blank-gemanipuleerde (Eurosentriese) proses van grondbesetting, slaweroof en plundering.

'n Verdere belangrike aspek van Cobbing se herinterpretasie waaraan aandag gegee moet word, is sy siening van Shaka se rol in Zululand en Natal asook die beeld van Shaka as militaris, veroweraar en plunderaar. Cobbing verwerp die beeld van Shaka as "a bloody killer" wat Natal ontvolk het as setlaarpropaganda om die Britse owerheid sodoende te probeer oorreed om Natal te beset om hulle handelsbelange te beveilig. Hy sonder veral die handelaars H.F. Fynn en F. Farewell uit vir kritiek wat met hulle eie swart leërs onrus gesaai en van tyd tot tyd in alliansie met Shaka was. Dit was juis Fynn wat die valse nuus in 1828 versprei het dat Shaka die Transkei gaan aanval; wat met sy leër die Mpondo aangeval en wat met Dingane en andere beplan het om Shaka om die lewe te bring. Die "assasination of Shaka's character" sien hy as deel van die "victory of the settler voice" om 'n mite rondom die *Mfecane* te skep wat dié faset van die Suid-Afrikaanse geskiedenis totaal verwring het.[62]

Een van die groot probleme met die ou siening van die *Mfecane* is dat dit, volgens Cobbing, binne kunsmatige datumgrense geplaas word - meestal die Shaka-tydperk ( *c.* 1815-1828) of deur sommige tussen die jare 1790 en 1830. Hierdie begrensing, wat skeppinge van die Europeërs is, is onjuis, want die proses van politieke en sosiale ontwikkeling onder die swart gemeenskappe in die binneland het oor 'n veel langer tydperk plaasgevind, nl. tussen *c.* 1740 en 1850. Dit was nie 'n kortstondige rewolusie wat slegs oor twee of drie dekades voltrek is nie. As dit begryp word, is daar uit 'n chronologiese oogpunt geen saak uit te maak vir die *Mfecane* nie.[63]

Die Cobbing-interpretasie het omvangryke en skerp kritiek uitgelok. Historici wat op aspekte van die tema werksaam was en is, het veral tydens die *Mfecane*-konferensie in 1991 Cobbing se basiese uitgangspunte bevraagteken en ook op talryke punte sy navorsing onder die soeklig geplaas.

'n Sterk saak is uitgemaak dat die begrip *Mfecane* nie verwerp moet word soos Cobbing dit wil hê nie. Hoewel dit nie in die tyd gebruik is om die proses te beskryf nie en later eers deur E. Walker "geskep" is, was die begrip "Fetcani" reeds algemeen bekend ten tye van dié gebeure en die woord *Mfecane* kom ook voor in Zulu, Xhosa en Sotho. Soos "feodalisme" en "Renaissance" begrippe is wat later geskep en vandag nog gebruik word, is *Mfecane* reeds 'n goed gevestigde en geldige begrip.[64]

Dit is veral Cobbing se standpunt oor blanke slawehandelaars wat van die kwaaiste kritiek ontlok het. E. Eldredge beskou sy herinterpretasie as "seriously flawed .. by a distortion of chronology and misreadings of the evidence".[65] Die kern van haar argument is dat daar geen bewyse is dat slawehandel deur Delagoabaai voor 1824 enigsins beduidend was nie. Cobbing gebruik nie alleen die inligting van sy bronne (in die geval Harries) verkeerd nie, maar verplaas gebeure terugwaarts om sy punt te steun. Eldredge toon oortuigend aan dat dié slawehandel nie voor 1823 noemenswaardige afmetings begin aanneem het nie.[66]

Ook sy saak vir 'n blank-Griekwas slawe-alliansie is afgeskiet. Hoewel daar toegegee word dat die rol van die Griekwas tot dusver deur historici onderskat is, word die omvang en uitwerking van hulle sg. slawestrooptogte sterk bevraagteken. Dit is egter Cobbing se poging om blankes soos

---

62. *Ibid.*, pp. 509-514.
63. Cobbing, "Jettisoning", pp. 16-17 en "Alibi", p. 518.
64. J.B. Peires, "Matiwane's road to Mbholompho", pp. 44-45.
65. E.A. Eldredge, "Sources of conflict in Southern Africa, ca. 1800-1830 - The '*Mfecane*' reconsidered" (TMA, 6-9.9.1991), p. 3.
66. *Ibid.*, pp. 4-21; J.D. Omer-Cooper, "Has the *Mfecane* a future?", pp. 7-8. Die referaat is met enkele wysigings onder die titel "Has the Mfecane a future? A response to the Cobbing critique" in die *Journal of Southern African Studies*, 19(2), Junie 1993 gepubliseer.

Moffat en Melvill van slawehandel te beskuldig, wat totaal verwerp word. Eldredge en andere soos Hartley het weer eens sy foute t.o.v. navorsing, die verkeerde interpretasie van bronne en die inlees van inligting in bronne wat nie daarin staan nie duidelik aangetoon.[67] Op een punt word Cobbing gelyk gegee nl. dat van die blanke koloniste in die gebied hulle wel aan slawehandel skuldig gemaak het.

In 'n uitstekende referaat oor "Matiwane's road to Mbholompho" het Jeff Peires die Cobbing-weergawe van Matiwane se rol in Transoranje en die slag van Mbholompho as 'n slawerooftog deur die Britte, aan flarde geskiet. Hy toets nl. Cobbing se hipotese aan "specifics", d.w.s. indringende, detail navorsing. Nie alleen wys hy op Cobbing se gebrekkige navorsing nie, maar ook op sy verswyging van belangrike bronne, die uiters selektiewe gebruik van bronne om sy standpunte te staaf, spekulasie en onaanvaarbare afleidings uit bronne. Gebaseer op grondige navorsing verwerp Peires geheel en al die standpunt dat die Griekwas vir Matiwane uit die Transoranje verdryf het, asook dat die Britte in 1828 Matiwane aangeval het met die uitsluitlike doel om slawe buit te maak. Peires is skerp in sy kritiek op Cobbing se navorsing en hipotese: "There is hardly a single statement anywhere in his history of Matiwane that can stand up to detailed examination." En verder: "Historiographically, 'the Mfecane as alibi' can be situated somewhere between the Pirenne thesis and the Hitler diaries. At worst it is a fabrication, and at best it is a fantasy".[68]

Nie alleen word Cobbing se oorsake van die *Mfecane* verwerp nie, maar daardeur ook sy Eurosentriese benadering tot die gebeure. Die kritiek teen hom is dat hy die oorsake reduseer tot een faktor - blanke imperialisme - en weinig tot geen ruimte laat vir die swartes om self akteurs in eie reg op die verhoog van die geskiedenis te wees nie.[69] Hy ignoreer ook uiters belangrike swart mondelinge getuienis wat die swartes se rol in die geskiedenis verder verskraal. Dit is o.a. een punt van kritiek teen sy karakterisering van Shaka op grond van blanke bronne alleenlik. Carolyn Hamilton is veral skerp in haar kritiek op Cobbing t.o.v. die spesifieke punt.[70]

### Slotbeskouing: Die *Mfecane* 'n mite?

Die debat rondom die *Mfecane* gaan nie net oor navorsing en interpretasie nie, maar onderliggend daaraan lê ook dieper ideologiese verskille. Uit dié hoek benader sal die *Mfecane* dus altyd sy ondersteuners en opponente hê. Maar op grond van die huidige navorsing en kennis tot ons beskikking, is daar geen oortuigende rede om die *Mfecane* as 'n mite en as 'n groot komplot van die blankes teen die swartes te sien en te verwerp nie. Die *Mfecane* het volle bestaansreg.

Dit beteken nie dat die ou Theal-weergawe en die Omer-Cooper-interpretasie vandag nog onkrities aanvaar kan word nie. Uit Cobbing se werk en die nuwe navorsing wat gedoen is, is dit duidelik dat die ou interpretasies aangepas moet word.

Die *Mfecane* begin nie met Shaka nie, maar voor sy tyd in 'n gebied noord van Zululand. Om die oorsake van die gebeure te bepaal, moet na verskeie faktore gekyk word, want hier was "a complex interaction between natural and human factors" aan die werk.[71] Uit die jongste navorsing is dit duidelik dat die ingrypende veranderinge nie bloot aan die optredes van groot leiers soos

---

67. E.A. Eldredge, "Sources of conflict", pp. 21-34; G. Hartley, "The battle of Dithakong and '*Mfecane*' theory", p. 4 en pp. 10-12.
68. J.B. Peires, "Matiwane's road". Die referaat is 'n goeie voorbeeld van historiese kritiek. Aanhaling op p. 48. Sien ook Peires se artikel, "Paradigm deleted: the materialist interpretation of the Mfecane" in die *Journal of Southern African Studies*, 19(2), Junie 1993.
69. C. Hamilton, "'The character of Chaka': A reconstruction of the making of Shaka as *Mfecane* 'motor' (TMA, 6-9.9.1991), pp. 3-4.
70. *Ibid.*, p. 24.
71. E.A. Eldredge, "Sources of conflict", p. 1.

Dingiswayo en Shaka toegeskryf kan word nie, maar eerder aan fundamentele sosio-ekonomiese veranderinge binne die Nguni-gemeenskappe wat die mense geaktiveer het.

Shaka kan egter nie uitgeskuif word nie, want al dui die navorsing van John Wright op 'n geringer rol vir Shaka in Natal, was hy en sy militêre mag wel die oorsaak van baie bloedvergieting en ontwrigting en dit het alles groot stukrag aan die *Mfecane* gegee. Die rol van blanke slawehandelaars in Delagoabaai moet ook in ag geneem word, maar dit word eers teen 1823 en later 'n faktor in die verdere ontplooiing van die *Mfecane*.

Ook die siening van die *Mfecane* as 'n uitkringbeweging met Zululand as middelpunt moet herwaardeer word. Dat mense in beweging gekom en andere aangeval het, en hulle weer moes vlug, is nie te betwyfel nie. Twee sake is egter van belang, nl. dat die uitkringeffek nie verabsoluteer moet word nie en dat daar elders as in Zululand ook kernpunte was waar konflik ontstaan het. In dié verband sal die rol van die Griekwas en Kora in Transoranje en omgewing nog duideliker uitgestippel moet word.

Om die *Mfecane* as 'n uitsluitlike stuk swart geskiedenis te sien, is ook nie langer aanvaarbaar nie. Hoewel Cobbing te ver gegaan het met sy Eurosentiese interpretasie, is die wisselwerking tussen blanke sendelinge, handelaars, trekboere en amptenare en die swartes van die binneland duidelik onderstreep. Reeds voor Cobbing was die wisselwerking - op beperkte skaal - reeds deur historici aangetoon, maar daar was tog 'n tendens om dit te ignoreer. Die getuienis dui egter oorweldigend daarop dat die oorsake van die gebeure aan die interne dinamika van die swart gemeenskappe toegeskryf moet word en beslis nie aan die ingryping van Europeërs nie.

Dat die *Mfecane* nie net destruktief was nie, maar ook 'n positiewe proses van politieke en sosiale hervorming onder druk van veranderende omstandighede, bly staan. Die misbruik van die gebeure (ontstaan van nuwe state) om die apartheidsbeleid te legitimeer, is lank reeds aan die kaak gestel en verwerp.

Uit die *Mfecane*-debat is drie belangrike metodologiese lesse te leer. Eerstens dat daar geen plaasvervanger is vir indringende navorsing om hipoteses eerlik en onbevange aan te toets nie. Tweedens dat 'n oormaat aan ideologie neig om oogklappe aan historici te sit. Cobbing se werk, asook dié van sy ideologies-oorentoesiastiese student Richner, wat op "his master's voice" wil verbeter, faal juis op dié punt. Dit is niks beter as die ideologies-gemotiveerde Afrikaner nasionalistiese geskiedskrywing van weleer nie. Derdens word die belangrikheid van die stel van kritiese vrae weer eens onderstreep. In dié opsig het Cobbing se bevraagtekening van die gebeure tot 'n intensiewe debat gelei waardeur ons kennis en begrip van gebeure in die binneland van Suid-Afrika aansienlik verryk is. Soos Omer-Cooper dit stel: "The bold new paradigm cannot be sustained. The debate has, however, raised important new questions, enlivened research in the area and ensured that the Mfecane will continue to occupy a prominent place in the developing historiography of southern Africa."[72]

---

72. Omer-Cooper, "Has the Mfecane a future?", *JSAS*, 19, 2, 1993.